KOM ONS OEFEN TAAL 1

Pannekoek vir die wintermaande

Jy benodig:
3 koppies koekmeel
2 knippies sout
2 teelepels bakpoeier
4 koppies water
2 eiers
3 teelepels asyn
6 teelepels olie

Metode:

- Sif die droë bestanddele 3 maal saam en maak 'n holte in die meelmengsel.
- Meng die water, eier, asyn en olie en voeg dit geleidelik by die meelmengsel terwyl jy dit meng met 'n houtlepel of elektriese klitser. Laat die beslag minstens 'n halfuur staan en klits dit dan weer voordat die pannekoeke gebak word.
- Maak seker die pan is lekker warm en gooi 'n bietjie olyfolie daarin voor jy die eerste pannekoek bak. Gooi 'n soplepel vol beslag in die pan. Die eerste twee pannekoeke flop gewoonlik as jy nie die pan kans gee om behoorlik warm te word nie.

1. Skryf die meervoude van die onderstreepte woord neer:

1.1 Daar kom eier in die pannekoek.

_____ _____

1.2 Die kind eet baie lekker _____

1.3 Daar is deeg in die pan. _____

1.4 Roer die bestanddele met 'n houtlepel. _____

1.5 Moet ek een koppie water by die mengsel gooi?

_____ (5)

2. Verander die volgende stelsinne in vraagsinne:

2.1 Die kind eet pannekoek.

_____ (1)

2.2 Sy bak pannekoek as dit reën.

_____ (1)

2.3 Pappa help vir Mamma.

_____ (1)

3. <u>Skryf die sinne oor in die verlede tyd:</u>

3.1 Die pan is warm.

_____ (1)

3.2 Boetie eet al die pannekoek op.

_____ (1)

3.3 Die skottelgoed is vuil.

_____ (1)

3.4 Sy klits die eiers.

_____ (1)

4. <u>Vul die regte voorsetsels in:</u>

4.1 Die pannekoek word _____ die pan gebak.
4.2 Die pannekoek word _____ die bord gesit.
4.3 Boetie gooi die suiker _____ die pannekoek.
4.4 Hy eet dit _____ 'n vurk. (4)

5. <u>Vul die regte antonieme in:</u>

5.1 Pannekoek is nie hard nie, maar _____.
5.2 Ma se pan is nie stokoud nie, maar _____. (2)

6. <u>Skryf die sinne in die indirekte rede:</u>

6.1 Boetie vra: "Sal jy asseblief vir ons pannekoek bak?"

_____ (1)

6.2 Mamma sê: "Dit is 'n goeie idee."

_____ (1)

6.3 Pappa vra: "Hoe kan ek help?"

_____ (1)

6.4 Mamma sê: "Was asseblief die skottelgoed."

_____ (1)

7. <u>Gee die verkleinwoorde van die onderstreepte woorde:</u>

7.1 Daar is genoeg melk vir die pannekoek in die <u>bottel</u>.

_____

7.2 Daar is genoeg meel in die <u>sak</u>. _____ (2)

8. <u>Verbind die volgende sinne deur die voegwoord te gebruik:</u>

8.1 Mamma bak die pannekoek. Boetie is lus daarvoor. (want) (1)

_____

_____

8.2 Pappa help pannekoek bak. Mamma sê hy moet. (omdat) (1)

_____

_____

9. <u>Skryf die volgende sinne in die toekomende tyd:</u>

9.1 Mamma was die skottelgoed. (1)

_____

9.2 Boetie gooi suiker oor die pannekoek. (1)

_____

9.3 Pappa maak die mengsel aan. (1)

_____

9.4 Sussie eet baie lekker. (1)

_____

TOTAAL: /30